

4 Junie

1 Korintiërs 13: 1-13, (Teks: 13:13)

Die liefde bly tot in ewigheid!

Dit wat ons is en waarop ons afstuur het tot in ewigheid ten diepste met liefde te doen. Al die gawes wat aan die kerk toevertrou word - die verkondiging van die Woord, die onderrig, om hulp te verleen, om leiding te neem - is soos die steierwerk van 'n ruimtetuig. Terwyl die ruimtetuig nog nie voltooi is nie en al die verstellings nog nie gedoen is en brandstof ingeneem is nie, is die steierwerk baie belangrik en onmisbaar. Wanneer alles gereed is, word die steierwerk verwyder en dan is die tuig ten volle wat dit bedoel is om te wees, naamlik 'n bewegende missiel wat tot in die hoogste hoogtes van die ruimte uitskiet. Nadat die steierwerk verwyder is, sal die kerk van die Here ook kan uitstyg tot die hoogste hoogtes van die liefde.

Laat ons daarom nie so teen die steierwerk vaskyk - hoe belangrik dit ook in ons huidige omstandighede mag wees dat ons glad nie meer die eintlike, die blywende raaksien nie! Laat ons sien dat dit wat bly (wat nie saam met die steierwerk verwyder word nie), geloof, hoop en liefde is. Ons moet geloof, hoop en liefde as 'n argitektoniese drie-eenheid sien. As ons dit kan voorstel as 'n driehoek, sou geloof en hoop die twee basishoeke vorm, terwyl liefde die hoek is wat bo alles uittroon en die hoogte inskiet met die heerlike wese daarvan. Liefde kan gedy en deur niks aan bande gelê word in 'n atmosfeer waar geloof en hoop alle vrees en onsekerheid en twyfel verdryf. Geloof sien duidelik dat God die Bron van alle goed is en hoop weet dat God tot in ewigheid nie verander en alles ten goede laat meewerk. In hierdie atmosfeer kan liefde sy ware grootheid bereik en net een standhoudende stroom van goedheid daaruit laat vloei, wat tot in ewigheid duur.

Ds. F.W. de Wet (Vryheid)